# BYLAAG B

## AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN GESEGDES

### A

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Altyd op dieselfde **AAMBEELD** hamer (slaan). | Gedurig oor dieselfde onderwerp praat. |
| Hoog **AAN** wees. **AANGEKLAM** wees. | Baie dronk wees. Effens dronk wees. |
| Sy **AAND-** en morepraatjies kom nie ooreen nie. | Hy bly nie by wat hy sê nie. |
| Hoog by iemand **AANGESKRYF** staan. | Iemand se hoogagting geniet. |
| **AANHOU(ER)** wen. | 'n Mens bereik jou doel deur aan te hou. |
| **AANLÊ** by 'n nooi. | Na 'n nooi vry. |
| **AANSTALTE** maak. | Voorbereidings maak. |
| 'n Steen des **AANSTOOTS.** | 'n Ergernis of hindernis. |
| Die **AAP** is uit die mou. | Die geheim het uitgelek. |
| Al dra 'n **AAP** 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding. | Mooi klere maak 'n lelike persoon nie mooi nie. |
| **AAPSTERT** gee. | 'n Pak slae gee. |
| 'n **AARDJIE** na sy vaartjie. | 'n Seun net soos sy vader. |
| Nuuskierige **AGIES** hoort in die wolwehok. | Word gesê as iemand nuuskierig is. |
| **AGTEROS** kom ook in die kraal. | Die stadigste (domste) bereik ook die eindpunt. |
| 'n Man van twaalf **AMBAGTE** en dertien ongelukke. | Iemand wat alles probeer maar niks behoorlik kan doen nie. |
| **AMPER** maar nog nie stamper nie. | Dit het amper geluk. |
| Vir 'n **APPEL** en 'n ei. | Baie goedkoop. |
| 'n **APPELTJIE** met iemand skil. | Iemand berispe. |
| Die **APPEL** val nie ver van die boom nie. | Die kind aard na sy ouer. |
| 'n Stuiwer in die **ARMBUS** gooi. | Ongenooi aan 'n gesprek deelneem. |
| **AS** is verbande hout. | Aan iemand gesê wat allerhande veronderstellings maak en sy sinne met „as" begin. |
| Iemand sè hand in die **AS** slaan. | Iemand uitoorlê, of uitsit by 'n nooi. |
| In die **AS** sit. | Berou hê. |
| Sy **AS** het vasgebrand. | Hy het in die moeilikheid geraak. |

## B

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Iemand op sy **BAADJIE** gee. | Iemand 'n pak slae gee. |
| Iets op die lange **BAAN** skuif. | Iets uitstel. |
| **BAANTJIES** vir boeties. | Poste vir vriende en familielede. |
| Van **BAKBOORD** na stuurboord stuur. | Van die een plek na die ander stuur. |
| Op die **BAKOOND** sit. | Om 'n oujongnooi te bly. |
| **BALSEM** in die wond giet. | Iemand troos. |
| Liewer **BANG** Jan as dooi Jan. | Liewer bang as onverskillig. |
| Al **BARS** die bottel, al buie die fles. | Al gebeur wat ook al, dit moet. |
| Met die verkeerde **BEEN** uit die kooi klim. | Nukkerig opstaan in die more. |
| Hy sal nie ou **BENE** maak nie. | Hy sal nooit oud word nie. |
| Ou **BENE** kou. | Ou, onaangename dinge weer ophaal. |
| **BEENAF** wees. | Verlief wees. |
| Moenie die **BEER** se vel verkoop voordat hy geskiet is nie. | Moenie te gou seker wees van iets nie. |
| 'n Goeie **BEGRIP** het 'n halwe woord nodig. | Hy wat gou verstaan, het geen lang uitleg nodig nie. |
| Jou **BEKOMS** aan iets hê. | Sat wees vir iets. |
| **BELOFTE** maak skuld. | 'n Belofte moet nagekom word. |
| Geen **BENUL** van iets hê nie. | Niks van 'n ding af weet nie. |
| Onder die **BESEMSTOK** staan. | Deur die vrou geregeer word. |
| In 'n goeie **BLAADJIE** staan by iemand | In iemand se guns wees. |
| In die land van die **BLINDES** is eenoog koning. | 'n Halfgeleerde is 'n groot man onder dommes. |
| **BLOUBOONTJIES.** | Koeëls. |
| Sy **BLUS** is uit. | Hy is doodmoeg. |
| Hy kan nie **BOE** of ba sê nie. | Hy kan nie 'n woord sê nie. |
| Ander mense se **BOEKE** is duister om te lees. | Ander se sake is moeilik om te verstaan. |
| **BOEREMATRIEK.** | Aanneming. |
| Hy is 'n **BOK** op 'n muur. | Hy kies nie kant nie. |
| Hy is **BOKVELD TOE.** | Hy is dood. |
| In die **BOL** gepik wees. | Nie by sy volle verstand wees nie. |
| Sy **BONT** varkie is weg. | Hy is nie by sy volle verstand nie. |
| Tussen die **BOOM** en die bas. | Nog goed nog sleg. |
| Hy is in die **BONE.** | Hy is in die moeilikheid. |
| **BOONTJIE** kry sy loontjie. | Elkeen word na sy dade vergeld. |
| Dit stuit my teen die **BORS.** | Ek hou niks daarvan nie. |
| Om die **BOS** lei. | Bedrieg. |
| Dit is **BOTTER** aan die galg gesmeer. | Dit is vergeefse moeite. |
| **BOTTER** by die vis. | Kontant. |
| In die **BOTTER** val. | 'n Groot geluk oorkom. |
| Dis **BOTTER** op sy brood. | Dit sterk hom in sy kwaad. |
| Iemand 'n **BRIL** op die neus sit. | Iemand bedrieg. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Die **BROEK** dra. | Gesê van 'n vrou wat haar man regeer. |
| Dit sit nie in sy **BROEK** nie. | Hy is nie in staat om dit te doen nie. |
| **BROEKSKEUR** gaan. | Baie moeilik gaan. |
| Die een se **BROOD** is die ander se dood. | Die een se dood of ondergang is dikwels 'n ander se voordeel. |
| Mooi **BROODJIES** bak. | In iemand se guns probeer kom. |
| Iemand se **BROOD** uit sy mond neem. | Iemand sy middele van bestaan ontneem. |
| Pak die **BUL** by die horings. | Maak gebruik van die kans. |
| Iemand in die stof laat **BYT**. | Iemand in 'n geveg laat sneuwel |

**D**

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Die **DAAD** by die woord voeg. | Dadelik handel. |
| Op heter **DAAD** betrap. | Iemand vang terwyl hy kwaad aanrig. |
| Tot by Oom **DAANTJIE** in die kalwerhok. | So ver as moontlik. |
| Dit is **DAARNATOE.** | Dit maak nie saak nie. |
| Daar kom **DADELS** van. | Daar sal niks van kom nie. |
| Met iets voor die **DAG** kom. | Iets vertel. |
| Aan die **DAG** kom. | Openbaar word. |
| Aan die **DAG** bring. | Bekend maak. |
| **DANIG** met mekaar wees. | Baie intiem wees met mekaar. |
| Na iemand se pype **DANS.** | Doen soos 'n ander beveel. |
| Nou sal die poppe **DANS.** | Nou sal die moeilikheid begin. |
| Met **DAPPER** en stapper. | Te voet. |
| Iemand wys waar **DAWID** die wortels gegrawe het. | Iemand alles van 'n saak vertel. |
| Met die **DEUR** in die huis val. | Dadelik oor 'n onderwerp begin praat. |
| Vee eers voor jou eie **DEUR.** | Verwyder eers jou eie foute. |
| As jy self agter die **DEUR** staan, soek jy ander ook daar. | Jou eie gebreke sien jy baie gou in 'n ander. |
| Elkeen is 'n **DIEF** in sy nering. | Elkeen sorg vir homself die beste. |
| Iemand iets **DIETS** maak. | Iemand iets wysmaak. |
| Iemand **DISNIS** loop (speel). | Iemand ver oortref. |
| **DOEKIES** omdraai. | Dinge probeer wegsteek. |
| Die **DOEL** heilig die middele. | As die doel goed is, kan jy enige middel gebruik. |
| **DOEPA** ingee. | Medisyne ingee wat 'n meisie op jou laat verlief raak. |
| **DONKERWERK** is konkelwerk. | Werk in die donker gedaan is slegte werk. |
| Iemand die **DOOD** op die lyf ja. | Iemand groot laat skrik. |
| Wat nie **DOODMAAK** nie, maak vet. | Gesê as jy iets onaantrekliks eet. |
| Die **DOOD** is in die pot. | Dis 'n vervelende plek of geselskap. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| **DOOD** moet 'n oorsaak hê. | Dis maklik om ekskusies te vind. |
| Aan **DOOIMANSDEUR** klop. | Niemand tuis vind nie. Tevergeefs om hulp vra. |
| Uit die ou **DOOS.** | Ouderwets. |
| In sy **DOP** kruip. | Nie vrymoedig optree nie. |
| 'n **DORING** in die oog. | Iets wat telkens hinder as 'n mens dit sien. |
| nie om **DOWE** neute nie. | Nie sonder 'n rede nie. |
| Kort van **DRAAD.** | Kortgebonde. |
| Geen droë **DRAAD** aanhê nie. | Geen droë klere aanhê nie. |
| Nie sy **DRAAI** kry nie. | Nie tyd kry om iets te doen nie. |
| In 'n nou **DRAAI.** | In moeilikheid of gevaar. |
| Die **DRAAK** steek. | Gekskeer. |
| Dit slaan my **DRONK.** | Ek begryp dit glad nie. |
| Nog nie **DROOG** agter die ore wees nie. | Nog 'n kind wees. |
| Iemand uit sy **DROOM** help. | Iemand die waarheid meedeel. |
| Die **DRUIWE** is suur. | Jy vind fout met wat jy nie kan kry nie. |
| Iemand kom sy **DRUIWE** teë. | Iemand kul hom, of hy ontmoet sy meerdere. |
| Iets op jou **DUIM** ken. | Iets goed ken. |
| Iemand onder die **DUIM** hou. | Iemand onder strenge toesig hou. |
| Iets uit sy **DUIM** suig. | Iets versin. |
| Geen (blou) **DUIT** besit nie. | Geen geld besit nie. |
| Stille waters, diepe grond; onder draai die **DUIWEL** rond. | Baie stil mense doen agteraf verkeerde dinge. |
| Die **DUIWEL IN** wees. | Baie kwaad wees. |
| Ledigheid is die **DUIWEL** se oorkussing. | Ledige mense vind gou kwaad om te doen. |
| Op die **DUUR.** | Op die ou end. |

## E

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Dit is soos water op 'n **EEND** se rug. | Hy steur hom nie daaraan nie. |
| Op sy **EENTJIE** sit. | Alleen sit. |
| Iemand slaan dat hy sy ma vir 'n **EENDVOËL** aansien. | Iemand slaan dat hy nie goed kan sien nie. |
| Die laaste **EER** bewys. | Iemand se begrafnis bywoon. |
| **EERLIKHEID** duur die langste. | Eerlike mense maak die beste vooruitgang. |
| 'n Halwe **EIER** is beter as 'n leë dop. | Liewer iets, hoe min ook al, as niks. |
| Op **EIERS** loop. | Baie stadig loop. |
| Ter **ELFDER** ure. | Op die laaste oomblik. |
| Aan die kortste **END** wees. | Die slegste daarvan afkom. |
| **END** goed, alles goed. | Oor iets wat goed afloop hoef jy jou nie verder te bekommer nie. |
| **ERFGELD** is swerfgeld. | Geld of goed wat jy erf, verloor jy maklik. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Van 'n **ESEL** verwag jy altyd 'n skop. | Van 'n slegte persoon verwag jy slegte behandeling. |
| **ESSE** gooi. | Kort draaie maak. |
| Dis nie alles **EVANGELIE** nie. | Dis nie alles waar nie. |
| Die tydelike met die **EWIGE** verwissel. | Doodgaan. |

## F

| | |
|---|---|
| Vol **FIEMIES** wees. | Aanstellerig wees. |
| Op sy **FLEUR**. | In die bloei van sy jare. |
| **FLIKKERS** maak. | Probeer aandag trek! |
| Iemand **FLOUS**. | Iemand bedrieg. |
| 'n Mens moet nooit sê: **FONTEINTJIE** ek sal nie weer van jou drink nie. | 'n Mens kan nooit seker wees dat jy iemand se hulp nie weer nodig sal kry nie. |
| **FRIKKADEL** maak van iets. | Iets absoluut stukkend slaan. |

## G

| | |
|---|---|
| Dit **GAAN** jou nie aan nie. | Dit het niks met jou te doen nie. |
| Sy pen in **GAL** doop. | Bitter oor 'n saak skryf. |
| Bo sy **GAL**. | Te moeilik vir hom om te verstaan. |
| 'n Kind vir die **GALG** grootmaak. | 'n Kind baie stout grootmaak. |
| Iemand sy **GANG** laat gaan. | Iemand toelaat om te maak soos hy wil. |
| **GANSE** aanja. | Dronk wees. |
| Iemand 'n **GAT** in die kop praat. | Iemand ompraat om iets te doen. |
| 'n **GAT** vir iemand grawe en self daarin val. | Iemand in moeilikheid probeer bring en self daarin beland. |
| Die tien **GEBOOIE** voorlees. | Iemand op sy pligte wys. |
| Nie **GEBORE** in staat wees om . . | Gladnie kan nie. |
| **GEDANE** sake het geen keer. | As iets verby is, kan jy niks meer aan die saak doen nie. |
| Sy **GEDAGTE** laat gaan. | Oor 'n saak dink. |
| Die **GEELBAADJIE** aanhê. | Jaloers wees. |
| Die **GEES** is gewillig, maar die vlees is swak. | Nie die liggaamlike krag besit om iets te doen nie. |
| Die **GEES** gee. | Sterf. |
| Teenwoordigheid van **GEES**. | Dadelik weet hoe om in gevaar te handel. |
| Iemand vir die **GEK** hou. | Met iemand die spot dryf. |
| **GEKKE** en dwase skryf op deure en glase. | Net dwaas mense wil hulle name op alles skrywe. |
| Alle **GEKHEID** op 'n stokkie. | In alle erns. |
| Die **GELAG** betaal. | Verantwoordelik wees vir wat ander (en jy ook miskien) gedoen het. |
| **GELD**, wat stom is, maak reg wat krom is. | Met geld kan jy enigiets regkry. |
| **GELD** soos bossies. | Baie geld. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| **GELD** groei nie op my rug nie. | Ek moet hard werk om geld te verdien. |
| **GELD** uit iemand se sak ja. | Iemand geld laat uitgee. |
| **GELD** in die water gooi. | Geld mors. |
| In die **GELID** wees. | Teenwoordig wees. |
| Iemand is so **GEMAAK** en so laat staan. | Iemand verbeter hom nie. |
| **GENADEBROOD** eet. | Liefdadigheid ontvang. |
| Iemand met twee **GESIGTE.** | Iemand wat jy nie kan vertrou nie. |
| Iemand iets in sy **GESIG** sê. | Iemand iets reguit sê. |
| Veel **GESKREE** en weinig wol. | 'n Groot lawaai maak oor 'n nietigheid. |
| Daar is 'n **GEURTJIE** aan. | Alles is nie pluis nie. |
| Die **GEWENTE** maak die gewoonte. | Iets wat jy dikwels doen, word naderhand 'n vaste gewoonte. |
| Hy is nie **GISTER** se kind nie. | Hy is oud en ervare. |
| **GIERIGHEID** is die wortel van alle kwaad. | Gierige mense sal enige kwaad aanrig om geld te kry. |
| Mense wat in **GLASHUISE** woon, moenie met klippe gooi nie. | As jy self foute het, moet jy ander nie kritiseer nie. |
| **GOEDKOOP** is duurkoop. | Op die ou end betaal jy meer vir 'n goedkoop maar slegte artikel as 'n dure. |
| Die **GORT** is gaar. | Nou begin die moeilikheid. |
| Dis nie alles **GOUD** wat blink nie. | Skyn bedrieg dikwels. |
| Nie **GRAS** onder sy voete laat groei nie. | Nie 'n goeie kans laat verbygaan nie. |
| Van die **GRAS** af maak. | Doodmaak. |
| Ek is nie so **GROEN** dat 'n koei my sal vreet nie. | Ek is nie so onkundig as jy dink nie. |
| Dit word **GROEN** en geel voor my oë. | Ek word duiselig. |
| Sê **GROETE** aan die vrate. | Gesê aan iemand wat baie eet. |
| Loop na jou **GROOTJIE.** | Loop! Gaan weg! |
| Eers **GROOTMENSE** dan langore. | Kinders moet wag tot grootmense klaar is. |

## H

| | |
|---|---|
| Alles is in die **HAAK.** | Alles is in orde. |
| Hulle is **HAAKS.** | Hulle is kwaaivriende. |
| Elke **HAAN** is koning op sy eie mishoop. | Elkeen voel hom baas op sy eie gebied. |
| Daar sal geen **HAAN** na kraai nie. | Niemand sal ooit daarvan weet nie. |
| **HARE** op sy tande hê. | Moedig wees. |
| Hy kan geen hond **HAARAF** maak nie. | Hy kan niks doen nie. |
| Hoe meer **HAAS,** hoe minder spoed. | Hoe haastiger jy is, hoe minder kry jy gedaan. |
| Van die **HAK** op die tak spring. | Skielik van een onderwerp na 'n ander oorgaan. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Hom iets op die **HALS** haal. | Moeilikheid op jouself neerhaal. |
| Aan die **HAND** gee. | 'n Voorstel maak. |
| Van die **HAND** in die tand leef. | Alles uitgee wat verdien word. |
| Die **HAND** aan die ploeg slaan. | 'n Aanvang maak met 'n werk. |
| Sy **HANDE** vol hê. | Baie werk hê. |
| Sy **HANDE** staan vir niks verkeerd nie. | Hy kan alles doen. |
| Die **HAND** uit die mou steek. | Begin werk. |
| Op sy **HAND** wees. | Goedgesind teenoor hom wees. |
| Die **HAND** aan sy eie lewe slaan. | Selfmoord pleeg. |
| Van die **HAND** sit. | Verkoop. |
| **HANDGEMEEN** raak. | Veg met die vuis. |
| 'n **HANETREETJIE.** | 'n Kort afstand. |
| **HARDEPAD** kry. | Tronkstraf met harde arbeid kry. |
| Iemand in die **HARNAS** ja. | Iemand kwaad maak. |
| Waar die **HART** van vol is, loop die mond van oor. | 'n Mens praat graag van dinge waaroor jy gedurig dink. |
| Iemand het iets op sy **HART.** | Iemand wil graag iets sê. |
| Sy **HART** nie op sy mou dra nie. | Nie sê wat jy dink of voel nie. |
| Iemand se **HART** is klein. | Iemand word gou verdrietig. |
| Hy wil nie van sy **HART** 'n moordkuil maak nie. | Hy wil reguit sê wat hy dink. |
| Die **HASEPAD** kies. | Weghardloop. |
| Die **HEF** in hande hê. | Die mag hê. |
| 'n **HEKEL** aan iets hê. | Glad nie van iets hou nie. |
| Met die **HELM** gebore wees. | Die gawe hê om dinge te kan voorspel. |
| **HELP** jouself; dan het jou vriende jou lief. | Jou vriende word naderhand moeg om jou gedurig te help. |
| Die **HEMP** is nader as die rok. | Sorg eers vir jou familie, dan vir ander. |
| Sy **HEMPIE** is kort. | Hy word gou kwaad. |
| 'n Saak **HERKOU.** | Nadink oor 'n saak. |
| Iemand **HEUNING** om die mond smeer. | Iemand vlei. |
| Op twee gedagtes **HINK.** | Nie weet wat om te doen nie. |
| So **HITTETE.** | Byna. |
| Op jou **HOEDE** wees. | Gereed wees. |
| Iemand in 'n **HOEKIE** ja. | Iemand vaskeer. |
| Maljan onder die **HOENDERS.** | Die enigste man tussen vrouens. |
| Die **HOENDERS** in wees. | Kwaad wees. |
| Dit lyk of die **HOENDERS** sy kos afgeneem het. | Hy lyk verleë. |
| **HOK** toe gaan. | Skool toe (of tronk toe) gaan. |
| As jy 'n **HOND** wil slaan, kry jy gou genoeg 'n stok. | As jy iemand kwaad wil aandoen, vind jy maklik 'n rede. |
| Hy verbeel hom hy is die koning se **HOND** se oom. | Hy het 'n hoë dunk van homself. |
| Met die **HONDE** blaf en met die wolwe huil. | Met albei partye saamstem. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Blaffende **HONDE** byt nie. | Mense wat gedurig dreig, vrees jy later nie meer nie. |
| **HONGER** is die beste sous. | As jy honger is, smaak alles lekker. |
| Iets oor die **HOOF** sien. | Iets opmerk maar niks daarvan sê nie, of iets nie opmerk nie. |
| Iemand die **HOOF** bied. | Jou verset teen iemand. |
| Vurige kole op iemand se **HOOF** hoop. | Kwaad met goed terugbetaal. |
| **HOOGMOED** kom voor die val. | Hoogmoedige mense word verneder. |
| Op die **HOOGTE** van sake wees. | Alles van 'n saak weet. |
| Te veel **HOOI** op sy vurk hê. | Meer werk hê as wat hy kan doen. |
| 'n Naald in 'n **HOOIMIED** soek. | Iets soek wat jy min kans het om te kry. |
| Die huis is op **HORINGS**. | Daar is baie geraas in die huis. |
| Dit **HOTAGTER** kry. | Swaar kry. |
| **HOUT** saag. | Snork. |
| Iets op eie **HOUTJIE** doen. | Iets alleen doen. |
| Elke **HUIS** het sy kruis. | Elke huisgesin het sy eie moeilikheid. |
| Geen **HUIS** te kan hou met iemand nie. | Iemand nie kan kontroleer nie. |
| **HUSSE** met lang ore. | Word aan nuuskierige mense gesê. |

## I

| | |
|---|---|
| Iemand **INKLIM**. | Iemand berispe. |
| Iemand sy woorde laat **INSLUK**. | Iemand sy woorde laat terugtrek. |

## J

| | |
|---|---|
| Op alles **JA** en amen sê. | Met alles saamstem. |
| **JAKKALS** prys sy eie stert. | Gesê aan iemand wat homself prys. |
| Hoe kaler **JAKKALS**, hoe groter stert. | Hy wat minste besit, spog baie graag. |
| **JAKKALSDRAAIE** maak. | Allerhande verskonings maak om nie in die moeilikheid te kom nie. |
| **JAN** Rap en sy maat. | Almal, die laagste ingeslote. |
| Met **JAN** Tuisbly se karretjie gaan. | By die huis bly. |
| Liewer bang **JAN** as dooi Jan. | Dis beter om versigtig te wees. |
| Iemand se **JAS** is in die wiel. | Iemand is in die moeilikheid. |
| Hoe kaler **JONKER**, hoe groter pronker. | Wie minste het, wil meeste spog. |
| Die **JOSIE** in wees. | Kwaad wees. |
| 'n Klein **JUKSKEI** met 'n groot kop. | 'n Ding of persoon wat jy orals kan gebruik. |

## K

| | |
|---|---|
| Iemand (Iets) aan die **KAAK** stel. | Iemand se streke bekend maak. |
| 'n **KAAPSE** draai. | 'n Kort draai. |
| 'n Deurgestoke **KAART**. | 'n Plan wat vooraf beraam is. |
| **KAATJIE** van die baan. | Die leier in die verrigtinge. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| **KAF** verkoop. | Onsin praat. |
| Die **KALF** is in die put. | Word gesê as jy op 'n Sondag moet werk. |
| Met ander se **KALWERS** ploeg. | 'n Ander se kennis vir jou eie laat deurgaan. |
| Nie onder 'n **KALKOEN** uitgebroei nie. | Nie so dom wees as jy dink nie. |
| **KALWERLIEFDE.** | Die liefde van baie jong mense. |
| Oor dieselfde **KAM** skeer. | Almal gelyk behandel. |
| Aan die **KANT** maak. | Regmaak. |
| Van **KANT** maak. | Doodmaak (of verkoop). |
| Iemand **KAPITTEL.** | Iemand berispe. |
| Vir iemand die **KASTAIINGS** uit die vuur krap. | Iemand se gevaarlike werk vir hom doen. |
| Die **KAT** uit die boom kyk. | Wag om eers te sien wat gaan gebeur. |
| 'n **KAT** in die sak koop. | 'n Slegte koop sluit. |
| Die **KAT** in die donker knyp. | In die geheim kwaad doen. |
| Soveel weet van iets as 'n kat van godsdiens (saffraan). | Niks van 'n saak weet nie. |
| Iemand **KATSWINK** slaan. | Iemand bewusteloos slaan. |
| 'n **KEEL** op sit. | Hard skree of huil. |
| Na die **KELDER** stuur. | Tot sink bring. |
| Op die **KEPER** beskou. | Deeglik ondersoek. |
| Iemand gaan te **KERE.** | Iemand maak 'n lawaai. |
| Baie op sy **KERFSTOK** hê. | Al baie kwaad gedoen hê. |
| Iemand se **KERK** is uit. | Dis klaarpraat met iemand. |
| Nie **KERS** vir iemand kan vashou nie. | Baie ver iemand se mindere wees. |
| Sy **KIERING** (kurang) sal braai. | Sy oneerlikheid sal openbaar word. |
| Daar is 'n **KINK** in die kabel. | Daar is moeilikheid. |
| In 'n **KITS.** | Baie gou. |
| 'n **KLAD** op iemand se eer werp. | Skinder van iemand. |
| 'n **KLAP** in sy gesig. | 'n Belediging. |
| Iets **KLEIN** kry. | Iets begryp. |
| Vir iemand 'n **KLIP** uit die pad rol. | Vir iemand 'n guns bewys. |
| Stadig oor die **KLIPPE.** | Wees versigtig en handel langsaam. |
| Hy het die **KLOK** hoor lui maar weet nie waar die bel hang nie. | Hy weet nie wat al die besonderhede van die saak is nie. |
| **KLUITJIES** bak. | Leuens vertel. |
| Sy **KNIEË** dra. | Weghardloop. |
| 'n **UILTJIE** knip. | 'n Kort rukkie slaap. |
| Iemand 'n **KNOP** steek. | Iemand 'n poets bak. |
| In die **KNYP** wees. | In die moeilikheid wees. |
| Die **KOEËL** is deur die kerk. | Daar is niks meer aan die saak te doen nie. |
| Ou **KOEIE** uit die sloot grawe. | Onaangename sake weer ophaal. |
| Onder een **KOMBERS** slaap. | Saamstem in alles. |
| Op hete **KOLE** sit. | Baie onrustig wees. |
| Iemand oor die **KOLE** haal. | Iemand berispe. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Die **KOOL** is die sous nie werd nie. | Die saak is nie die moeite werd nie. |
| Te **KOOP** loop met iets. | Iets aan almal vertel. |
| Iemand laat nie op sy **KOP** sit nie. | Iemand laat nie oor hom baas speel nie. |
| Iemand se **KOP** was. | Iemand berispe. |
| **KOP** in een mus wees. | Baie dik vriende wees. |
| Sy **KOP** in 'n bynes steek. | Hom in moeilikheid begeef. |
| Iemand iets voor die **KOP** gooi. | Iemand verwyt. |
| **KOP** uittrek. | Terugtrek uit 'n onderneming. |
| Dis **KORING** (water) op sy meul. | Dis net wat hy wil hê. |
| **KORT** gespan. **KORT** van draad. | Baie gou om kwaad te word. |
| Met die **KOUS** oor die kop terugkom. | Terugkom sonder om ites uit te voer. |
| So in sy **KRAAL.** | So na sy smaak. |
| Die **KREEFTEGANG** gaan. | Agteruitgaan. |
| Dit steek my dwars in die **KROP.** | Ek hou niks daarvan nie. |
| Iemand iets **KWALIK** neem. | Kwaad wees met iemand oor iets |

## L

| | |
|---|---|
| Sy ou **LAAI.** | 'n Ou streek. |
| In sy vuis **LAG.** | Hom stilletjies verheug in 'n ander se leed. |
| Die **LAND** aan iets hê. | Van iets nie hou nie. |
| Groot **LANTERN,** weinig lig. | Aan iemand gesê wat in jou lig staan. |
| Op die **LAPPE** kom. | Ter sprake kom. Geopenbaar word. |
| **LEKKER** is 'n vinger lank. | Genot duur nie lank nie. |
| **LEPEL** in die dak steek. | Doodgaan. |
| **LES** opsê. | Berispe word. |
| Die **LEVIETE** voorlees. | Berispe. |
| Om die **LEWE** bring. | Doodmaak. |
| Wat het oor jou **LEWER** geloop? | Hoekom is jy so nukkerig? |
| Ou **LIEFDE** roes nie. | Ou liefde verdwyn nooit heeltemal nie. |
| Aan die **LIG** bring. | Openbaar. |
| Laat nie die **LINKERHAND** weet wat die regterhand doen nie. | As jy goed gedoen het, moet jy dit nie aan almal vertel nie. |
| Aan iemand se **LIPPE** hang. | Gespanne na iemand luister. |
| Iemand die **LOEF** afsteek. | Iemand uitoorlê (of: die oorhand kry). |
| **LONT** ruik. | Agterdogtig word. |
| Van **LOTJIE** getik. | Effens mal. |
| Uit die **LUG** gryp. | Versin. |
| Sy hart **LUG.** | Sê wat hy voel. |
| Sy **LYF** spaar. | Lui wees om iets te doen. |
| Iemand aan 'n **LYNTJIE** hou. | Iemand lank laat wag vir iets. |

# M

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Iemand kan iets op sy **MAAG** skrywe. | Iemand kan sekere wees dat hy iets nie sal kry nie. |
| Hy sal dit nie **MAAK** nie. | Hy sal iets nie regkry nie (of: Hy sal doodgaan). |
| Sy kop **MAAL.** | Hy voel duiselig. |
| Deur die **MAAN** getik wees. | Mal wees. |
| Glo dat die **MAAN** van kaas gemaak is. | Enigiets glo. |
| Sy **MATERS** is dood. | Hy het geen gelyke nie. |
| Op die **MAN** af. | Reguit. |
| **MANK** gaan aan iets. | Ly aan iets. |
| Sy eie **MAS** ophaal. | Sy eie moeilike werk uitvoer. |
| Deur die **MAT** val. | 'n Geklike figuur slaan. |
| Eers **MENS,** dan langoor. | Eers grootmense, dan kinders. |
| Die **MES** op iemand se keel sit. | Iemand dwing om iets te doen. |
| In die **MIDDEL** van die wêreld wees. | Nie weet wat om te doen nie. |
| In der **MINNE** skik. | 'n Saak vriendelik skik. |
| Sy **MOED** sink in sy skoene. | Hy verloor moed. |
| **MOEILIK** wees vir iemand. | Kwaad wees. |
| **MOLESTE.** | Moeilikheid. |
| Nie op sy **MOND** (bek) geval wees nie. | Dadelik gereed met 'n antwoord. |
| Iemand na die **MOND** praat. | Iemand vlei. |
| Iemand die **MOND** snoer. | Iemand dwing om nie te praat nie. |
| 'n Groot **MOND** (bek) hê. | Grootpraat. |
| Met 'n **MOND** (bek) vol tande staan. | Nie weet wat om te sê nie. |
| Sy **MOND** (bek) verbrand. | Hom verspreek. |
| Niks weet van die hele **MOORD** nie. | Van die saak niks af weet nie. |
| **MORE** is nog 'n dag. | Dis nie nodig om so haastig te wees nie. |
| Sy **MOSES** kry. | Sy gelyke vind. |
| Iemand se **MOSES** is dood. | Hy het geen gelyke nie. |
| Dis **MOSTERD** na die maal. | Dis te laat. |
| Iemand iets of die **MOU** speld. | Iemand iets wysmaak. |
| Die hande uit die **MOU** steek. | Werk. |
| Van 'n **MUGGIE** 'n olifant maak. | 'n Saak baie oordryf. |
| As die **MUIS** vol is, is die meel bitter. | As jy versadig is, smaak kos nie meer lekker nie. |
| Klein **MUISIES** het groot ore. | Wees versigtig wat jy voor kinders sê. |
| **MUNT** slaan uit. | Voordeel trek uit. |
| **MURG** in sy pype hê. | Sterk wees. |
| Iemand te **NA** kom. | Iemand beledig. |
| Op **NAALDE** en spelde sit. | Baie haastig wees. |
| 'n Mens kan iemand deur 'n **NAALD** trek. | Iemand is mooi aangetrek. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Laat **NAEL.** | Weghardloop. |
| **NAELSKRAAP.** | Byna. |
| Nog **NAT** agter die ore. | Nog baie jonk. |
| Die tol van die **NATUUR** betaal. | Doodgaan. |
| Deur sy **NEK** praat. | Onsin praat. |
| Iemand in die **NEK** kyk. | Iemand bedrieg. |
| Op iemand se **NEK** lê. | Lank by iemand bly sonder om te betaal. |
| Iemand 'n **NEKSLAG** gee. | Iemand die laaste slag gee wat hom heeltemal klaarmaak. |
| Dun van **NERF** wees. | Fyngevoelig wees. |
| Iemand op sy **NEUS** laat kyk. | Iemand beskaamd laat voel. |
| Iets in die **NEUS** kry. | Agterdogtig word. |
| Iemand iets onder die **NEUS** vrywe. | Iemand verwyt oor iets. |
| Dis by jou **NEUS** verby. | Jy sal nie kry wat jy wou hê nie. |
| Hy kyk teen sy **NEUS** vas. | Hy kan iets nie raaksien nie. |
| Dis nie vir dowe **NEUTE** nie. | Dis nie verniet nie. |
| Iemand op sy **NOMMER** sit. | Iemand berispe. |
| **NOOD** leer bid. | In moeilikheid maak jy gou 'n plan. |
| In sy **NOPPIES** wees. | Baie gelukkig voel. |
| **NOUSTROP** trek. | Baie swaar kry. |
| **NUGTER** weet. | Niemand weet nie. |
| In die jaar **NUL.** | Nooit nie. |

## O

| | |
|---|---|
| **OEFENING** baar kuns. | Deur oefening leer jy om iets goed te doen. |
| Dis **OLIE** op die vuur. | Daardeur word die moeilikheid vererger. |
| In 'n **OMMESIENTJIE.** | Spoedig. Gou. |
| Hom nie **ONBETUIG** laat nie. | Wys wat hy kan verrig. |
| Iemand **ONDERDEUR** laat loop. | Iemand berispe of straf. |
| Sy **ONDERLIP** hang. | Hy is nukkerig. |
| Die **ONDERSPIT** delf. | Die nederlaag ly. |
| **ONDERVINDING** is die beste leermeester. | Deur self te ondervind leer 'n mens die beste. |
| **ONKRUID** vergaan nie. | Slegte mense leef die langste. |
| Uit die **OOG,** uit die hart. | As jy weg is, word jy gou vergeet. |
| Dit val in die **OOG.**<br>Dis in die **OOG** lopend. | Dis opmerklik. |
| In die **OOG** hou. | Oppas. Aandag skenk aan. |
| Iets onder iemand se **OË** bring. | Iemand se aandag op iets vestig. |
| Iemand se **OË** vol sand skop. | Iemand bedrieg. |
| Op die **OOG.** | Uiterlik beskou. |
| Iemand onder vier **OË** sien. | Iemand berispe. |
| Iemand na die **OË** kyk. | Afhanklik wees van iemand. |
| Sy **ORE** uitleen. | Na allerhande praatjies luister. |
| Geen **ORE** (aan sy kop) hê nie. | Ongehoorsaam wees. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Iemand se **ORE** hang. | Voel neerslagtig. |
| Die **OORHAND** kry. | Die oorwinning behaal. |
| **OORLAMS.** | Slim. Beskaaf (van 'n kaffer). |
| **OPDRAAND** kry. | Swaarkry. |
| **OPGANG** maak. | Populêr word. |
| **OPSPRAAK** verwek. | Veroorsaak dat almal daarvan praat. |
| Van die **OS** op die esel. | Om van iets heeltemal anders te praat. |
| Jong **OSSE** inspan. | Opbring. |
| **OUER** as twaalf wees. | Ervare wees. |
| Dit reën **OUMEIDE** met knopkieries. | Dit reën baie hard. |

## P

| | |
|---|---|
| Soos 'n **PAAL** bo water staan. | Heeltemal duidelik wees. |
| Nie die **PAAL** haal nie. | Nie suksesvol wees nie. |
| Iemand in die **PAD** steek. | Iemand ontslaan. |
| 'n **PADDA** in die keel hê. | Hees wees. |
| **PADLANGS** loop. | Eerlik handel. |
| Maak asof hy al die wysheid in **PAG** het. | Maak asof hy die slimste is. |
| Elkeen moet sy eie **PAKKIE** dra. | Elkeen moet sy eie swaar dra. |
| Nie vir koue **PAMPOEN** skrik nie. | Nie vir 'n kleinigheid bang word nie. |
| Onder die **PANTOFFEL**regering staan. | Deur die vrou regeer word. |
| Praat of hy warm **PAP** in sy mond het. | Onduidelik praat. |
| **PAPIER** is geduldig. | Baie onsin en leuens word geskryf. |
| So lank as die lepel in die **PAPPOT** staan. | Solank as daar nog kos is om te eet. |
| Iemand **PARTE** speel. | Iemand bedrieg. |
| Dit kom goed te **PAS.** | Dis net wat nodig is. |
| In jou **PASOPPENS** trap. | Versigtig wees. |
| Met die gebakte **PERE** bly sit. | Met iets opgeskeep sit. |
| Loop na jou **PEETJIE.** | Loop kraai. |
| Nie op iemand (iets) kan **PEIL** trek nie. | Nie op iemand (iets) kan staatmaak nie. |
| Aan die **PEN** ry (wees.) | Verantwoordelik wees. Berispe word. |
| Die kar voor die **PERDE** span. | Agterstevoor te werk gaan. |
| Gou op sy **PERDJIE** wees. | Gou kwaad word. |
| 'n Mens moet 'n gegewe **PERD** nie die bek kyk nie. | 'n Mens moet 'n geskenk nie kritiseer nie. |
| **PÊRELS** voor die swyne werp. | Iets doen wat nie gewaardeer kan word nie. |
| Die **PERKE** oorskry. | Te ver gaan. |
| Die **PIEP** hê. | Dink dat hy siek is. |
| **PIET**, Paul en Klaas. | Almal — slegtes ingeslote. |

| IDIOOM | VERKLARING |
| --- | --- |
| Laat **PIK.** | (Weg)hardloop. |
| Iets op jou **PINKIE** ken. | Iets baie goed ken. |
| Gee iemand 'n **PINKIE**, dan vat hy die hele hand. | Iemand is nie tevrede met wat hy kry nie, maar wil nog meer hê. |
| 'n **PLAN** is 'n boerdery. | Met 'n goeie plan sal jy suksesvol wees. |
| **PLANKE** saag. | Snork. |
| Iemand op sy **PLEK** sit. | Iemand berispe. |
| In die stof **PLOEË.** | Hard val. |
| 'n **PLUIMPIE.** | 'n Kompliment. |
| Iets is nie **PLUIS** nie. | Iets is nie in orde nie. |
| Iemand 'n **POETS** bak. | Iemand vir die gek hou. |
| Iemand **POLS.** | Iemand versigtig uitvra. |
| Iemand van **PONTIUS** na Pilatus stuur. | Iemand van die een plek na die ander stuur. |
| **POOTUIT.** | Baie moeg. |
| Op sy eie **POTE** staan. | Onafhanklik wees. |
| Weer by sy **POSITIEWE** kom. | Weer tot bewussyn kom. |
| 'n **POTJIE** loop met iemand. | Rusie maak met iemand. |
| Sy eie **POTJIE** krap. | Vir homself sorg. |
| **PRAATJIES** vir die vaak. | Onsin. |
| Op die **PROEF** stel. | Deeglik ondersoek. |
| Kort **PROSES** maak. | Dadelik kragtig optree. |
| Iets vir dieselfde **PRYS** verkoop. | Iets oorvertel sonder om die feite te ondersoek. |
| Op die **PUNT** staan om . . . | Gereed wees om . . . |
| Wie 'n **PUT** graaf vir 'n ander, val self daarin. | Wie ander in moeilikheid wil bring, kom self daarin. |
| Na iemand se **PYPE** dans. | Alles doen wat 'n andereen jou sê. |

## R

| IDIOOM | VERKLARING |
| --- | --- |
| **RAADOP** wees. | Nie weet wat om te doen nie. |
| Iemand 'n **RAT** voor die oë draai. | Iemand bedrieg. |
| In die **REDE** val. | Praat as iemand anders praat. |
| 'n **RENONS** hê. | 'n Afkeer hê. |
| Nie **REP** van iets nie. | Nie van iets praat nie. |
| Die **RIEME** neerlê. | Weghardloop. |
| Van 'n ander man se vel breë **RIEME** sny. | Spandabel lewe van 'n ander se besittings. |
| Hy sal sy rieme **STYFLOOP.** | Hy sal aanhou verkeerde dinge doen totdat hy gevang word. |
| Die **RITTELTIT** kry. | Senuweeagtig word. |
| Aan die **ROER** van sake. | Aan die hoof van sake. |
| Hy het kwaai **RONDGESPRING.** | Hy het allerhande verskonings gemaak. |
| Onder die **ROOS.** | In die geheim. |
| Iemand **ROSKAM.** | Iemand berispe. |
| Jou **RUG** vetsmeer. | Jou voorberei vir 'n pak. |
| Iets is agter die **RUG.** | Iets is verby. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Geld groei nie op 'n mens se **RUG** nie. | 'n Mens moet hard werk vir jou geld. |
| Die **RUIK** kry van iets. | Suspisie kry van iets. |
| In 'n slegte (goeie) **RUIK** staan. | Deur die mense gewantrou (vertrou) word. |
| **RUS** roes. | 'n Mens versleg as jy nie aanhou werk nie. |

## S

| | |
|---|---|
| Laat **SAAI** | (Weg)hardloop. |
| Dit maak nie **SAAK** nie. | Dit kom daar nie op aan nie. |
| Bemoei jou met jou eie **SAKE**. | Moet jou nie ongevraag met 'n ander se sake inlaat nie. |
| Iemand uit die **SAAL** lig. | Iemand se betrekking van hom afneem. |
| Sy hand diep in sy **SAK** steek. | Baie gee (vir 'n saak). |
| Dit bring hom niks in die **SAK** nie. | Dit betaal hom nie. |
| Iemand in die **SAK** hê (kry). | Met iemand maak wat jy lus het. |
| Daar is geen **SALF** aan iemand te smeer nie. | Daar is niks met hom uit te voer nie. |
| Hulle boer onder een **SAMBREEL**. | Die een maak net soos die ander. |
| So **GESÊ**, so gedaan. | Dadelik na die besluit is handelend opgetree. |
| Die **SEIL** na die wind hang. | Party kies soos omstandighede dit eis. |
| Meng jy jou met **SEMELS**, vreet die varke jou op. | As jy met slegte maats omgaan, word jy self sleg. |
| Iemand se **SIEL** uittrek. | Iemand terg tot hy boos word. |
| Met sy **SIEL** onder sy arm rondloop. | Niks te doen hê nie. |
| Soos 'n splinternuwe **SIKSPENS** lyk. | Deftig en netjies aangetrek wees, |
| **SIN** in iets hê. | Baie van iets hou. |
| Uit die **SINAGOGE** werp. | Uitskop of wegja. |
| Daar goed in **SIT**. <br> Sy **SKAPIES** op die droë hê. } | Ryk wees. |
| Hom (sy lyf) **SKAARS** hou. | Selde op 'n plek kom. |
| Iemand in die **skaduwee** stel. | Iemand se meerdere wees. |
| Iemand in die **SKANDE** steek. | Iemand deur jou gedrag laat skaam voel. |
| Sake loop **SKEEF**. | Sake gaan verkeerd. |
| **SKERING** en inslag wees. | Die gewoonte wees. |
| Die wêreld **SKEUR**. | (Weg)hardloop. |
| In sy **SKIK** wees. | Baie bly wese. |
| Iets in sy **SKILD** voer. | Geheime planne hê. |
| Die stoute **SKOENE** aantrek. | Waagsaam wees. |
| Die laaste **SKOF** gery het. | Dood wees. |
| **SKOOR** soek. | Rusie soek. |
| **SKOUER** aan die wiel sit. | Hard werk. |
| **SKRIFGELEERD** wees. | Slu of slim wees. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Iemand die **SKRIK** op die lyf ja. | Iemand baie bang maak. |
| Hy het 'n **SKROEF** los. | Hy is nie by sy volle verstand nie. |
| In sy **SKULP** kruip. | Hom terugtrek. |
| **SKYN** bedrieg. | Die uiterlike bedrieg dikwels. |
| Op **SLAG** kom. | Begin begryp hoe om iets te doen. |
| Daar is 'n **SLANG** in die gras. | Daar skuil gevaar. |
| Agter **SLOT** sit. | In die tronk wees. |
| Per **SLOT** van rekening. | Nadat alles oorweeg is. |
| Die regte **SNAAR** aanraak. | Sê wat ander ook voel of dink. |
| Alles vir **SOETKOEK** opeet. | Alles glo. |
| Iemand kan nie sien dat die **SON** in 'n ander se water skyn nie. | Iemand is afgunstig op iemand anders. |
| In die **SOP** wees (sit). | In die moeilikheid wees. |
| 'n Sak **SOUT** met iemand opeet. | Lank met iemand saamwoon. |
| Laat **SPAANDER.** Laat **SPAT.** | (Weg)hardloop. |
| **SPEK** skiet. | Lieg. |
| Vir **SPEK** en boontjies. | Sommer maar. |
| Daar is baie op die **SPEL.** | Baie hang daarvan af. |
| In sy **SPOOR** trap. | Versigtig handel. |
| Moenie verder **SPRING** as jou stok lank is nie. | Moenie meer probeer doen as jy kan nie. |
| Die **SPYKER** op die kop slaan. | Die regte ding sê. |
| Uit die **STAANSPOOR.** | Van die begin af. |
| Goed van **STAPEL** loop. | Goed afloop. |
| Iemand in die **STEEK** laat. | Iemand nie meer hulp verleen nie. |
| Iemand 'n **STEEK** onder water gee. | Iemand op gemene wyse kul. |
| 'n **STEL** aftrap. | 'n Onaangename ervaring hê. |
| Iets by die **STERT** beet hê. | 'n Saak verkeerd begryp of aagpak |
| Vier **STEWELS** in die lug lê. | Dood lê. Op jou rug lê. |
| Op twee **STOELE** sit. | In albei kante se guns probeer bly. |
| Iemand kan nie in 'n ander se **STOF** kom nie. | Iemand is ver 'n ander se mindere. |
| Iemand 'n **STOK** in die wiele steek. | Iemand dwarsboom. |
| Daar 'n **STOKKIE** voor steek. | Iets stopsit. |
| **STOKKIES** draai. | Sonder verlof wegbly van die skool. |
| Niemand 'n **STROOI(TJIE)** in pad lê nie. | Niemand moeilikheid veroorsaak nie. |
| 'n **STROP** om die nek hê. | Deur iets vasgehou of teruggehou word. |
| Van **STRYK** af. Op **STRYK.** | Nie fris nie of nie op koers nie. Reg of op koers. |
| Hulle **STRYK** nie. | Hulle kom nie met mekaar klaar nie. |
| Die beste **STUURLUI** staan aan wal. | Diegene wat aankyk, weet altyd beste wat om te doen. |
| Dit sal jou **SUUR** bekom. | Jy sal daarvoor moet ly. |
| Iemand **SWART SMEER.** | Iemand se goeie naam beklad. |
| Saam met die **SWERM** vlieg. | Met die meerderheid saamgaan. |

## T

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| In **TAMATIESTRAAT.** | In moeilikheid. |
| Sy **TANDE** slyp. | Hom voorberei. |
| Met lang **TANDE** eet. | Eet sonder om iets te geniet. |
| Jy kan iemand nie met 'n **TANG** aanraak nie. | Hy is baie vuil. |
| Die **TERING** na die nering sit. | Jou uitgaaf na jou inkomste reël. |
| Van **TOEKA** se dae af. | Van lankal af. |
| Iemand lelik **TOETRAP.** | Iemand sleg kul. |
| Iemand onder die **TONG** kry. | Iemand berispe. |
| Op iemand se **TONE** trap. | Iemand beledig. |
| Hy **TORRING** aan my. | Hy lol aanhoudend met my. |
| Oor die **TOU** trap. | 'n Verkeerde daad doen. |
| **TOU** opgooi. | Moed verloor. Doodgaan. |
| Iets op **TOU** sit. | Iets begin. |
| Die beste **TOULEIER** sit op die voorbok. | Die wat aankyk, verbeel hulle hulle kan die werk beter doen. |
| Iemand **TOUWYS** maak. | Iemand onderrig. |
| Iemand **TROEF** | Sy planne dwarsboom. Hom 'n goeie antwoord gee. |
| Iemand om die **TUIN** lei. | Iemand bedrieg. |
| Iemand se **TURF** sit. | Hy sal nie slaag nie. |
| Ouer as **TWAALF** wees. | Ervare wees. |
| Sy **TWAK** is nat. | Hy sal nie iets kan doen nie. |

## U

| | |
|---|---|
| Elkeen dink sy **UIL** is 'n vak. | Elkeen dink sy eie goed is die beste. |
| Soos 'n **UIL** op 'n kluit. | Heeltemal alleen. |
| 'n **UILSPIEËL.** | Iemand wta baie snaaks is. |
| **UITGEBAK** wees. | Sonder vriende wees. |
| Iemand **UITOORLÊ.** | Iemand oortref deur beter planne. |
| Van **UITSTEL** kom afstel. | Deur 'n saak uit te stel kom dit nooit gedaan nie. |
| Hom **UITTREK** voor hy gaan slaap. | Sy besittings uitdeel voor sy dood. |

## V

| | |
|---|---|
| Iets laat **VAAR.** | Iets laat staan of gaan. |
| In die **VAL** sit. | Gevang wees. |
| Iemand kan nie 'n **VARK** vang nie. | Gesê van iemand met krom bene. |
| Iemand het nie al sy **VARKIES** in die hok nie. | Iemand is effens mal. |
| Laat **VAT.** | (Weg)hardloop. |
| Leë **VATE** maak die meeste geraas. | Die wat minste weet, praat die meeste. |
| Die **VERE** maak die voël. | 'n Mens word na jou uiterlik geoordeel. |
| Moenie die **VEL** verkoop voor jy die beer geskiet het nie. | Moenie te seker van jou saak wees nie. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Iemand die **VEL** oor die ore trek. | Iemand te veel laat betaal. |
| Iemand uit die **VELD** slaan. | Iemand verwar (of verleë maak). |
| **VERSIGTIGHEID** is die moeder der wysheid. | Deurdink 'n saak goed voor jy handel. |
| Daar is geen **VET** (salf) aan hom te smeer nie. | Jy kan hom nie verbeter nie. |
| Iemand op die **VINGERS** tik. | Iemand berispe. |
| Die **VINGER** op die wond lê. | Wys waar die fout lê. |
| Iemand om sy **VINGERS** draai. | Met iemand maak soos hy lus kry. |
| Lang **VINGERS** hê. | Gesê van iemand wat steel. |
| Op droë grond **VISVANG.** | Tevergeefs probeer inligting kry. |
| Die weg van alle **VLEES** gaan. | Doodgaan. |
| **VLERK** sleep by 'n nooi. | Vry na 'n nooi. |
| Twee **VLIEË** in een klap slaan. | Tegelykertyd twee dinge doen. |
| Van 'n **VLOOI** 'n olifant maak. | Iets baie vergroot. |
| 'n **VOËLTJIE** hoor fluit. | 'n Geruggie hoor. |
| Hom uit die **VOETE** maak. | Weggaan sonder verlof. |
| **VOET** in die wind slaan. | Weghardloop. |
| Op groot **VOET** lewe. | Hoog lewe. |
| **VOET** by stuk hou. | Aanhou. Volhard. |
| Op goeie **VOET** wees met . . . | Vriendelik gesind wees jeens . . . |
| **VOETSLAAN.** | Te voet loop. |
| Iets in die beste **VOUE (VOEË)** lê. | Iets baie mooi voorstel. |
| Verbode **VRUGTE** smaak die soetste. | Dis lekker om verkeerde dinge te doen. |
| Uit die **VUIS** praat. | Sonder voorbereiding praat. |
| Dis bokant my **VUURMAAK-PLEK.** | Ek kan dit nie doen of verstaan nie. |

## W

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Niks met iemand uit te **WAAI** hê nie. | Niks met iemand te doen hê nie. |
| Iemand goed die **WAARHEID** vertel. | Iemand berispe. |
| Iemand van die **WAL** in die sloot help. | Iemand nog meer benadeel as help. |
| Gods **WATER** oor Gods akker laat loop. | Sake laat om hulle eie gang te gaan. |
| Dis **WATER** op 'n eend se rug. | Dit sal niks help nie. |
| Met iemand goed oor die **WEG** kom. | Met iemand goed klaarkom. |
| Die **WÊRELD** skeur. | Weghardloop. |
| Iemand is buite sy **WESTE.** | Hy is bewusteloos. |
| Iemand is 'n vyfde **WIEL** aan die wa. | Hy is oorbodig. |
| Iemand in die **WIELE** ry. | Iemand hinder. |
| Goeie raad in die **WIND** slaan. | Goeie raad verontagsaam. |
| Iemand is deur die **WIND.** | Hy is dronk. Hy praat kaf. |
| Vir **WOLF** skaapwagter maak. | 'n Skelm verantwoordelik maak. |

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| 'n **WOLF** in skaapsklere. | 'n Huigelaar. |
| In die **WOLKE** wees. | Baie bly wees. |
| Met iemand **WOORDE** kry. | Rusie maak met iemand. |
| Iemand kan sy **WOORD** goed doen. | Iemand kan goed praat. |
| Iemand van sy **WYSIE** bring. | Iemand deurmekaar maak. |

## Y

| | |
|---|---|
| Baie **YSTERS** in die vuur hê. | Baie werke hê om tegelyk te doen. |
| Smee die **YSTER** terwyl dit heet is. | Maak gebruik van die kans wanneer dit daar is. |
| **YSTERKLOU** in die grond slaan. | Weghardloop. Vastrap. |

## BIBLIOGRAFIE

Vir leerlinge wat belangstel in taal en taalkunde word die boeke met sterretjies aanbeveel.


1. Boshoff, Dr. S. P. E. — Volk en Taal van Suid-Afrika (De Bussy, Pretoria).
2. Bosman, Dr. D. B. — Oor die ontstaan van Afrikaans (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).
3. de Vooys, C. G. N. — De Psychologiese Beschouwing van de Betekenisverandering, Nieuwe Taalgids I.
4. de Vooys, C. G. N. — De „Gevoelswaarde" van het Woord, Nieuwe Taalgids I.
5. de Vooys, C. G. N. — Verzamelde Taalkundige Opstellen, Dl. I en II (J. B. Wolters — Groningen, Den Haag).
6. *Gertenbach, P. en van Slooten, H. — Eenige belangrijke verschijnselen uit het leven der Nederlandsche Taal (J. B. Wolters — Groningen, Den Haag.)
7. Hesseling, D. C. — Het Afrikaans (Brill, Leiden).
8. *Hoge, Dr. J. — Ondersoekinge oor die gebruik van die verkleinwoord in Afrikaans (Annale, Universiteit van Stellenbosch).
9. *Horsten, J. L. — Eenige belangrijke verschynselen uit het leven der Nederlandsche Taal (Drukkerij van het R. K. Jongensweeshuis, Tilburg).
10. Jespersen, O. — The Philosophy of Grammar (George Allen and Unwin, Ltd., London).
11. Lecoutere, C. P. F. en Grootaers, L. — Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlandsch (J. B. Wolters — Groningen, Den Haag).
12. *Scholtz, Dr. H. v. d. M. — Taal en Taalverskynsels (Nasionale Pers, Bloemfontein).
13. *le Roux, Dr. J. J. — Praatjies oor ons Taal (Nas. Pers, Bloemfontein).
14. le Roux, Dr. J. J. — Oor die Afrikaanse Sintaksis (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).
15. *le Roux, Dr. J. J. en Schoonees, Dr. P. C. — Die Nuwe Taal- en Stylgids (Nas. Pers, Bloemfontein).
16. *Le Roux, Dr. T. H. — Afrikaanse Taalstudies, 2e druk (J. L. van Schaik, Pretoria).
17. Malherbe, Dr. D. F. — Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme (Nasionale Pers).

18. Nienaber, Dr. G. S. — Oor die Afrikaanse Taal (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).

19. Nienaber, Dr. G. S. — Die Afrikaanse Beweging (van Schaik, Pretoria).

20. Noreen, A. en Pollak, H. — Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache (Max Niemeyer, Halle).

21. Padberg, H. — De Mooie Taal (Malmberg, 's Hertogenbosch-Antwerpen).

22. Paul, H. — Prinzipien der Sprachgeschichte, Vierte Auflage. (Max Niemeyer, Halle).

23. Rousseau, H. J. — Afrikaans en Engels (Maskew Miller, Kaapstad),

24. *Rypma, E. en Schuringa, F. G. — Taalverschijnselen (J. B. Wolters — Groningen, Den Haag).

25. Scholtz, J. du P. — Die Afrikaner en sy Taal (1806–1875) (Nasionale Pers).

26. Sutterlin, E. — Die Deutsche Sprache der Gegenwart (Voigtlander, Leipzig, 1918).

27. Van Ginneken, J. — „Ellipsomanie" in Zielkundige Verwikkelingen IV en Nieuwe Taalgids IV.

28. Van Ginneken, J. — „De tyden van het werkwoord" in Zielkundige Verwikkelingen IV en Nieuwe Taalgids IV.

29. van Wyk, N. — De Nederlandsche Taal: Die hoofstuk oor Modaliteit.

30. Verdam, J. — Uit de geschiedenis der Nederlandsche Taal (W. J. Thieme en Cie., Zutphen).